Verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandbode" en sedert 1 Oktober 1894 as "Het Kerkblad"

die Kerkblad

Junie 2018

'n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Die laaste uur

Onvoorwaardelike genade – hoe dan anders?

"Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here:
voorspoed en nie teenspoed nie;
Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!"
– Jeremia 29:11

www.gksa.org.za

Webwerf: http://www.gksa.org.za/

Redaksie, Bemarking en Administrasie
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel. (018) 297-3986/7/8/9
Faks: (018) 293-1042
E-pos:kerkblad@gksa.co.za
(artikels, briewe ens.)
tydskrifte@gksa.co.za
(Intekening, rekeningnavrae)
bestellings@gksa.co.za
(boekbestellings ens.)

Redaksie
Prof. CFC Coetzee (redakteur)
- 082 337 7951
- Callie.Coetzee@nwu.ac.za

Mev. J Fourie (kopieredakteur)
- Tel. 018 297 3986
- kerkblad@gksa.co.za

Ds. C Aucamp
Prof. SP van der Walt
Prof. J Smit
Mev. V de Kock
Dr. MN Hermann

Uitleg en tegniese versorging
Joey Fourie

Advertensies en kleinadvertensies
Tariewe op aanvraag beskikbaar by dr. Wymie du Plessis: tel. (018) 297-3989.
E-pos: wymiedup@gksa.co.za

Intekengeld
Sien al die opsies vir intekening op die intekenvorm (omslag buite agter)

Intekengeld word jaarliks aangepas. Intekening moet skriftelik of telefonies deur die intekenaar gekanselleer word. Maak tjeks uit aan:
Die Administratiewe Buro

Eienaars en uitgewers
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Drukkers
V & R Drukkery, tel. (012) 333 2462

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting en/of verwerking van bydraes voor.

JAARGANG 120, NO. 3324 - Junie 2018

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

INHOUD

1 VAN DIE REDAKTEUR
Die laaste uur

4 UIT DIE WOORD
Leef goed en reg sodat God se redding alle nasies kan bereik

6 REDAKSIONEEL
Hoe verklaar ek 'n belydenisskrif?

8 BRANDPUNT
Is die diakens deel van die kerkraad?

FOKUS
10 Die Dordtse Leerreëls (2) – Hoofstuk 1
12 Mag God ons seën sodat ander Hom kan ken en loof

ANDER
14 Mense in die Bybel – Job, lyer en belyer
16 Woorde in die Bybel – vergewe / vergifnis

19 Op die Kerkwerf
30 Kleinadvertensies

Dr. SJ van der Merwe (Sarel) (emeritus)

Leef goed en reg sodat God se redding alle nasies kan bereik

Lees: *Genesis 18:1-33*
Teks: *Genesis 18:18, 19*
"Abraham sal tog 'n groot en sterk nasie word en in hom sal al die nasies van die aarde geseën word. Ek het hom gekies dat hy sy kinders en sy nageslag kan beveel om op my pad te bly deur te doen wat goed en reg is, sodat Ek vir Abraham kan doen wat Ek hom beloof het."

Leef die gelowiges "goed en reg" sodat God bekend word onder die ongelowiges? Wanneer ons dit doen, word Hy bekend gemaak en word sy belofte vervul dat in Abraham alle geslagte van die aarde geseën sal word. Die probleem van Sodom en Gomorra is dat daar nie meer mense is wat "goed en reg" doen nie. Die kwaad en sonde het oorgeneem.

God besoek Abraham en hy onthaal die drie mans. Ná die feesmaal word die geboorte van Isak aangekondig wat met 'n gelag van Sara ontvang word. As Hy vertrek, besluit Hy om sy plan om Sodom en Gomorra te vernietig, aan Abraham bekend te maak. Sy motivering is dat Hy Abraham gekies het om sy nageslag te beveel om op die pad van die Here te bly, sodat Hy sy beloftes kan vervul. God gebruik mense wat "goed en reg" lewe om Hom bekend te maak sodat al die nasies geseën sal word.

Die Here het die geroep gehoor van die sonde van Sodom. Die sonde regeer alles, daar is geen berou en bekering nie, en hulle volhard in hulle sonde. Die woord wat vir "roep" gebruik word, toon dat mense verdruk en uitgebuit word. Dieselfde woord word gebruik vir die angskrete van 'n vrou wat verkrag word. Daar is geen reg en geregtigheid meer in die stede nie. Dit is duidelik hoe vrouens verag word as Lot sy dogters aanbied sodat sy gaste nie gesodomiseer word nie. Die armes en verdruktes se angskrete bereik die Almagtige. Arbeiders word uitgebuit, vrouens word verag en verkrag, slawe word mishandel en alles draai bloot om die welvarendes se genot en goeie lewe.

God se verlossingsplan

Ons teksverse beklemtoon God se verlossingsplan deur die eeue. Hy het Abraham gekies sodat hy sy kinders en nageslag kan leer om in sy weë te wandel deur reg en geregtigheid te doen sodat Hy sy belofte aan Abraham kan vervul. Hierdie verse beklemtoon drie sake: verkiesing uit genade alleen, 'n lewe volgens die Woord van die Here, en die missionêre opdrag aan die gelowige sodat God se beloftes in vervulling gaan.

God het Abraham gekies om so te leef dat hy 'n seën vir al die nasies kan wees. Hy moet gehoorsaam in die verbond met God leef om reg en geregtigheid te verkondig en te handhaaf. Die uitverkorene moet die wêreld deur God se oë sien en uitreik na diegene in nood. Om in die seën van

die uitverkiesing te leef, moet jy aan God gehoorsaam wees. Daarom die opdrag dat Abraham sy kinders en nageslag dit moet leer. Wie in gemeenskap met God lewe, is gehoorsaam aan Hom, is 'n getuie teen die sonde en ongeregtigheid en deel van God se sending in hierdie wêreld. Wanneer gelowiges so lewe, word die belofte van God aan Abraham dat alle nasies geseën sal wees, vervul. Wie verkies is, leef eties gehoorsaam, is die sout en lig van die aarde, leef missionêr en dra die goeie boodskap uit. Die drie vleg ineen: verkiesing, gehoorsame lewe, en sending.

God leer Abraham dat Hy die Regverdige Regter is wat deernis het met mense in nood. Hy het Abraham gekies sodat hy sy kinders en nageslag kan leer om "goed en reg" te doen. Die woorde "goed en reg" staan teenoor onreg en uitbuiting. Dit is geregtigheid wat voor God kan standhou.

Abraham pleit nederig op God se genade om nie die regverdiges saam met die goddeloses te verdelg nie, selfs al is daar net 10 regverdiges. Wanneer daar mense in die dorpe is wat "goed en reg" leef, word God bekend gemaak en kan mense hulle bekeer en gehoorsaam leef. As daar egter nie gelowiges is wat die Woord verkondig nie, kan Hy nie geken word nie en word sy belofte aan Abraham nie vervul nie. Sodom en Gomorra word die beeld van sonde wat sonder enige verhindering voortwoeker.

Leef ons anders?

Die Here het gesê dat Hy oor 10 regverdiges Sodom en Gomorra nie sou uitdelg nie. In Jesus Christus verlos Hy die wêreld oor dié Een wat gehoorsaam was en Hom bekend gemaak het. Tien regverdiges wat doen "wat goed en reg is", kan die voortbestaan van die samelewing verseker. Daarom die vraag: Leef ons anders as die wêreld, getuig ons teen korrupsie, teen gierigheid, teen eie belang, teen verdrukking van die armes vanuit 'n onbesproke gehoorsame lewe aan God?

Ons as kerk van die Here het slegs 'n boodskap vir die wêreld indien ons anders leef as hulle, indien ons doen wat "reg en goed" is. Wanneer daar rusie in die huisgesin is, het daardie gesin geen boodskap vir die wêreld nie; wanneer alles om geld draai, is daar geen boodskap in 'n wêreld waar Mammon gedien word nie; wanneer gelowiges nie hulle werk doen vir God nie, is daar geen boodskap van werksetiek nie. Sodom en Gomorra is verwoes omdat daar nie tien regverdiges was nie. Moenie die wêreld versaak deur 'n ongehoorsame lewe nie. Dit is 'n voorreg dat God u verkies en verlos het. Hy het op grond van die soendood en opstanding van Jesus Christus die Heilige Gees gestuur om u te bemagtig om "goed en reg" te lewe. Maak God vreugdevol bekend deur u lewe. DK

Ds. HC van Rooy (Charl) (Randburg)

Die Dordtse Leerreëls (2)

Onvoorwaardelike genade – hoe dan anders? (Hoofstuk 1)

Die uitverkiesing is onregverdig …

Dit is die reaksie wat mens dikwels hoor wanneer die uitverkiesing ter sprake kom.

Ek bedoel, só word geredeneer, *hoe kan God 'n besluit neem oor my ewige saligheid … terwyl ek geen sê daarin het nie. In elk geval, as dit dan só is dat Hy vantevore klaar besluit het oor my en dit onveranderlik vasstaan, wat help dit my om te probeer glo? Sal Hy nie dalk aan die einde van die tyd vir my sê: "Jammer, maar jy is nie uitverkies nie" – ondanks dat ek geglo het? Bowendien, wat maak dat die een verdien om uitverkies te word en 'n ander nie?*

Remonstrants!

Sulke uitlatings is maar net 'n napraat van die Remonstrante – net in ander woorde verpak. Dit verklap die eindelose optimisme oor die mens se vermoë om uit vrye wil vir God te kies en daardeur mee te werk aan Gód se werk ten opsigte van sy/haar verlossing. Ten diepste lê daaragter die gedagte dat God mense uitkies *omdat* hulle glo – al is dit dan op grond daarvan dat God vooruit sal weet en sien wie uiteindelik sal glo (waarteen die Dordtse Leerreëls stry).

Alle mense se ellende!

Opvallend, as die Dordtse Leerreëls oor die mens se saligheid skryf, begin dit nie met die "goeie" mens en sy uitnemende vermoëns nie. Dit begin met die mens … in sy ellende! Alle mense staan skuldig voor God en onder die vloek van die ewige dood – vanweë die erfsonde (Rom. 3:19, 23; 5:12; 6:23). Dit het tweërlei implikasies:

- God sou teenoor *niemand* onregverdig gewees het as dit sy wil was om alle mense in die sonde en vervloeking te los nie (DL 1:1). Wat wel regverdig sou wees, is dat Hy die hele mensdom sou straf vir hulle sonde. Die ewige dood is immers hulle verdiende loon vir hulle sonde (DL 1:7).
- Alle mense is vasgevang in die greep van die ewige dood. Dit beteken dat hulle op geen manier self iets kan doen om hulleself te red nie – selfs nie eers om te kan glo nie (Ef. 2:1-4). Geen dooie kan homself lewend maak nie – net so min geestelik as fisies!

God se genade!

Tog het die ellende en dood nie die laaste woord nie. God het … én sy genade in sy eniggebore Seun, Jesus Christus, wat Hy na die wêreld toe gestuur het. In Hom openbaar God sy liefde, *sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê* (Joh. 3:16; 1 Joh. 4:9; DL 1:2).

Die vraag is natuurlik: Hoe sal mens tot geloof in Hom kan kom – siende dat jy nie uit jouself kan glo nie? Ook hierin skitter God se genade! Hy stuur verkondigers van hierdie vreugdevolle boodskap na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Hierdie verkondigers het die taak om *alle* mense tot geloof in Christus, die Gekruisigde, en tot bekering op te roep (DL 1:3). 'n Wonderlike en tegelyk wonderwerkende genade – die geloof kom deur die prediking, die verkondiging van Christus (Rom. 10:17).

Dat God aan sommige mense die gawe van geloof skenk, is sy ewige besluit (DL 1:6), Hy wat alles laat gebeur volgens sy raadsbesluit (Ef. 1:11; 2:8). *Volgens hierdie besluit maak God genadiglik die harte van die uitverkorenes ontvanklik – hoe verhard hulle ook al mag wees – en buig hulle*

om tot geloof (DL 1:6). *Deur sy Woord en Gees roep en trek God die uitverkorenes kragdadiglik tot gemeenskap met Hom* (DL 1:7). Kortom, hulle wat die evangelie aanneem en in Jesus Christus as Verlosser glo (natuurlik gewerk deur die Gees), word bevry van sy oordeel, verlos van die ellende en die ewige lewe geskenk. Uitverkorenes is beslis nie beter en waardiger as ander nie, net ryk begenadig – aan God die dank!

Uitverkies – sodat …

Duidelik word mense uitverkies nie *omdat* hulle glo nie, ook nie omdat hulle geloofsgehoorsaamheid, heiligheid of enige ander goeie hoedanigheid vertoon nie, maar *sodat* hulle kan glo. Die uitverkiesing is soos 'n fontein waaruit al die gawes van God uitborrel – ware geloof, vergewing van sonde, 'n heilige lewe, ewige saligheid (Ef. 1:4; DL 1:9, 12). *Daarom is dit ook geheel en al onmoontlik dat die leer van die uitverkiesing die kinders van God (die uitverkorenes) onverskillig sou maak en laat ophou om sy gebooie te gehoorsaam* (DL 1:13).

En as iemand nie glo nie …

Is dit God se skuld? Wil God aan so iemand nie die geloof skenk en hom/haar red nie? Het God dan besluit om sekere mense te verwerp? Is die verwerping deur God die keersy, die donker kant, van die uitverkiesing?

Inderdaad lees ons in die Bybel van mense vir wie God verwerp het. Dit is egter uiters opvallend dat die verwerping in die Bybel binne die konteks van 'n mens se sonde geskets word. Esau word deur God verwerp, maar dit gebeur omdat hy onverskillig sy eersgeboortereg verkoop het en daarmee die genade van God verwerp het (Rom. 9:13; Mal. 1:13; Heb. 12:16, 17). Dit is die geval met die farao (Eks. 7:13, 23) en met Saul (1 Sam. 15:23) en met Israel (Hand. 13:46).

Die oorsaak of skuld van hierdie ongeloof lê beslis nie by God nie, maar by die mens (DL 1:5). *Die oordeel van God bly op mense wat die evangelie van Christus nie glo nie* (DL 1:4). Die verwerping van sekere mense is God se besluit as seël en bevestiging van die uiterste konsekwensie van hulle ongehoorsaamheid aan Hom. Daarom, *om sy geregtigheid te openbaar, het God besluit om hierdie mense aan hulleself oor te laat, en hulle onder sy regverdige oordeel te laat bly …* (DL 1:15).

Sekerheid!

Uitverkies uit genade jubel egter van sekerheid oor saligheid! Dit is immers die ewige en onveranderlike God aan die werk. Genadiglik gee Hy sekerheid op sy tyd en in verskillende trappe aan sy uitverkorenes! Uitverkorenes sal die sekerheid ervaar, nie deur nuuskierig in die *Boek van die Lewe* te probeer blaai nie (Op. 20:12). In elk geval is dit nie moontlik nie. Mens sal sekerheid vind wanneer die vrugte van die uitverkiesing in jou lewe sigbaar (begin) word, naamlik ware geloof in Christus, kinderlike eerbied vir God, hartseer oor jou sonde en die vurige verlange om volgens sy wil te leef (DL 1:12).

Moenie mismoedig word nie …

Wat gemaak as die onsekerheid aan jou bly vreet? Moenie mismoedig word nie. Moenie wroeg en worstel of God jou uitverkies het nie. Gaan ywerig voort om die middele te gebruik, luister na die evangelie en bid gedurig, verlang na geloof aan en sekerheid van sy oorvloediger genade! *Die barmhartige God het immers beloof dat Hy die dowwe lamppit nie sal uitdoof nie en die geknakte riet nie sal verbreek nie* (DL 1:16).

Uitverkiesing! Onvoorwaardelike genade van God! Dit kan nie anders nie … Ook nie anders as om mens in verwondering voor God te laat uitbreek nie – soos Paulus nadat hy oor die wonderbaarlike redding geskryf het:

> O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God!
> Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë!
> "Wie ken die bedoeling van die Here? Wie gee Hom raad?
> Wie bewys Hom 'n guns, sodat Hy verplig is om iets terug te doen?"
> Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge.
> Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid!
> Amen. (Rom. 11:33-36; DL 1:18) Vervolg

Oude Jonge Liede kuier saam

Dr. MN Hermann (Marthinus) (Bethlehem)

Plus minus 60 jaar gelede was daar twee aktiewe Jongeliede-verenigings (JV's) binne die grense van die Geref. Kerk Pretoria bedrywig. Dit was Dient Elkander en Emanuel. Eersgenoemde het sy lede uit die Pretoria-stadsgebied getrek en Emanuel uit Capital Park. Dient Elkander was as gevolg van sy ligging minstens dubbel so groot as Emanuel met sy 15 tot 20 lede. Daar was egter baie oor en weer gekuier, veral met die oog op beskikbare Gereformeerde talent en, natuurlik, die interessante inhoud van die programme. Voor pouse is gewoonlik 'n lesing oor een of ander opvoedkundige onderwerp, meesal deur die lede self, aangebied en na pouse ligte items en opgewekte sang van Psalms en Afrikanerliedjies. Wat 'n lekker gees!

Ek moes self by geleentheid 'n praatjie gee oor die metodisme. Ek het baie min van die onderwerp geweet, maar het te hore gekom van Totius se doktorale verhandeling, "Het Metodisme". Ek het die boek deurworstel en hoogs interessant gevind. Daardie kennis en insig het my tot vandag bygebly.

Die kerkraad was altyd welkom om toesig te hou, maar die inhoud van ons vergaderings en jaarbeplanning het ons self gedoen. Die betrokke dominees en 'n aangewese ouderling het gehelp met onderwerpe se inhoud en het, soos hulle dit goedvind, vergaderings bygewoon. Die onderwerpe was nie net Bybel of Belydenis nie, maar enigiets waarin ons lede belanggestel het, soos musiek, literatuur, wetenskap, politiek, geskiedenis, ekonomie, besigheid, ensovoorts. Ons het die JV gesien as 'n vereniging wat gehelp het

Voor v.l.n.r: Tinie Maree, Moira Hermann, Marthinus Hermann, Baas Buys, Elsabé Buys, Ida Kruger, Corrie Kruger, Carel Kruger.
Middel v.l.n.r: Theuns Kruger, Marie Kruger, Johanna du Plooy, Anne-marie Bekker, Kittie Broos, Gerrit Broos, Wally Seymore, Jeanette Seymore, Bennie Kruger, Magda Timmerman, Harm Timmerman.
Agter v.l.n.r: Pieter du Plooy, Sêra Kruger, Gert Kruger, Liesbet Kruger, Cas Kruger, Oebele Feenstra, Katie Wannenburg.

om sy lede voor te berei vir die lewe wat kom en om die gereformeerde beginsels uit te lig. Dit was nie ons doel om "Kerkie-Kerkie" te speel nie.

Dit was verder baie interessant om op streeksvlak ander JV's te besoek. Die hoogtepunt was die jaarlikse konferensie met inspirerende sprekers. Baie *Kerkblad*lesers sal onthou dat ons ook ons eie tydskrif, "Die Bondsbode", gepubliseer het.

In die jare na ongeveer 1965 het ek talle oud JV-lede weer ontmoet in kerke, op kerkrade, by meerdere vergaderings, by vroue-aktiwiteite, besig om hulle bydraes tot die welsyn van die kerk en koninkryk van Christus te bring.

Op 24 Maart 2018 het 26 oudlede van Dient Elkander en Emanuel met hulle gades 'n reünie in Pretoria gehou. Dit was lede van die tydperk om en by 1960. Van hierdie 26 was 20 JV-lede van die genoemde JV's en al 20 wat daar was, se huweliksmaats was JV-lede, waarvan enkeles nie meer lewe nie. Al die JV-huwelike, behalwe dié wat nie meer by ons is nie, het gehou tot vandag, dit wil sê 50 jaar en langer. Dit was 'n besondere dag van praat en lag, van braai en geniet, van onthou en verlang, van bekfluit-musiek en afskeid met 'n traan, want ons weet: die tyd is maar min.

Ons sê dankie aan die Geref. Kerk Waterkloofrand vir die gebruik van hulle fasiliteite. Ons dank ons Hemelse Vader wat ons gedra het: toe en veral nou.

GTV in Namibië hou toerustingsbyeenkoms

Die Gereformeerde Teologiese Vereniging (GTV) van predikante en emeriti van die GKSA se Gereformeerde Kerke in Namibië (Klassis Etosha) het 'n toerustingsbyeenkoms van 1 tot 3 Mei 2018 te Xain Quaz, Gobabisdistrik, gehou. Op die foto v.l.n.r:

Agter: Di. Stephanu de Villiers (Grootfontein), Jan du Plessis (Hentiesbaai) (emeritus), Jan van der Walt (Otjiwarongo), dr. Paul de Bruyn (Windhoek-Suid).

Middel: Ds. Roelf du Plessis (emeritus), dr. Theuns de Klerk (emeritus), ds. Henning Venter (Windhoek), dr. Callie Opperman (emeritus), ds. Werner van den Heever (Gobabis).

Voor: Dr. Heinrich Zwemstra (Walvisbaai), di. Peter Hattingh (Okahandja) en Janré van Jaarsveld (Tsumeb).

Nie op foto: Di. Jeremia Moletsane (Sanveld) en Johan Dunn (Keetmanshoop/Mariental).